basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## 2021

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

## TEKS A: ARTIKEL

### 'N TSOENAMI* VAN HOOP

1 Suid-Afrika steier deesdae vuisvoos onder die baie negatiewe uitsprake oor ons land se toekoms. Volgens Mercy Kannemeyer beïnvloed dit landsburgers. Sulke negatiewe uitsprake laat 'n gevoel van hooploosheid onder landsburgers posvat. Dit versterk ook die gevoel van vasgevangendheid onder ons mense. Ondanks laasgenoemde is daar steeds Suid-Afrikaners wat besluit het om nie in die buiteland na groener weivelde te gaan soek nie.

2 <u>Terwyl baie mense niks beters het om oor te gesels as die moontlikheid om te emigreer</u> ter wille van 'n beter lewe nie, het 'n Kaapstadse sakeman, Jarette Petzer, 'n Facebookgroep met die hutsmerk #*ImStaying* gestig. Die doel was om eendersdenkende Suid-Afrikaners saam te snoer. Verder moes dit hulle die geleentheid bied om negatiewe menings oor Suid-Afrika te verander. Dit moes ook 'n gevoel van lojaliteit teenoor en hoop vir Suid-Afrika laat posvat.

3 Die #*ImStaying*-projek se benadering is om die pessimiste deur ander mense se positiewe ervarings te inspireer. Hopelik sou hulle dan nie Suid-Afrika sommer so vir die buiteland verruil nie. Hulle sal dit eers goed deurdink. Die boodskap moet wees: "Hokaai, stop! Wegvlug is nie die oplossing nie. Dink objektief voordat jy besluit om te waai." En binne minder as 'n maand staan byna 'n halfmiljoen Suid-Afrikaners in hierdie groep saam en sê: "Ek bly."

4 "Die inspirasie wat uit die #*ImStaying*-veldtog se duisende hartverblydende plasings gevloei het, het my opnuut gemotiveer om ten alle koste die negatiewe sienings oor my land te probeer verander," sê Thabo Selepe van Shosanguve in sy #*ImStaying*-Facebookplasing. Hy is in die middernagtelike ure iewers tussen niks en nêrens deur 'n wildvreemde barmhartige Samaritaan gehelp nadat sy motor sonder brandstof gaan staan het. "Ek is trots om uiteindelik deel te wees van landsburgers van verskillende ras- en kultuurgroepe. Hulle reik na mekaar uit om só 'n opwindende nuwe era van nasiebou uit te brei." Shren Chettier van Potchefstroom vertel: "Ek het onlangs tydens 'n rit na Pretoria siek geword. My herstel is te danke aan Frans Moheilwa, 'n motorwag van Krugersdorp, wat my vrou spontaan gehelp het om my betyds by die hospitaal te kry. Gewoon omdat hy 'n landsburger in nood herken en instinktief opgetree het."

5 Ten spyte van die getuienis op die vorige bladsy dat Suid-Afrika nie net met ernstige probleme worstel nie, is daar ongelukkig reeds – soos verwag – 'n teenreaksie van 'n groepie hooploses. Hulle is mense wat rampspoed voorspel. Verder wil hulle die *#ImStaying*-Facebookprojek, wat tans die grootste toename in ledetal onder Suid-Afrikaanse Facebookgroepe het, in onguns bring. Hulle sien alle pogings van ekonome om die land reg te ruk as onindrukwekkend.

6 'n Vinnige berekening bevestig hoe ver hierdie skeptikusse die kat aan die stert beet het. Navorsingsresultate van die NOBG (Nasionale Ondersteunings-bewusmakingsgroep) dui daarop dat *#ImStaying* se ledetal tans 5,16 keer meer is as die aantal sitplekke (94 700) in die grootste sportstadion in Suid-Afrika. En dít slegs minder as 'n maand nadat die eerste kommentaar op die *#ImStaying*-Facebookblad geplaas is. Verder, indien *#ImStaying* as 'n politieke party sou kon registreer, sou dit die vyfde grootste party in ons parlement gewees het. En as dit moontlik was om *#Imstaying* as 'n onafhanklike land erken te kry, sou dit volgens "bevolkingsgetalle" 175ste op die wêreldranglys (net groter as Malta) gewees het!

7 Bogenoemde statistiek wys dit duidelik: die *#ImStaying*-projek het Suid-Afrikaners soos 'n storm getref. Mercy Kannemeyer skryf op Maroela Media dat *#ImStaying* presies is wat Suid-Afrika tans nodig het. "In hierdie tyd van onluste, geweld, onenigheid en verdeeldheid moet Suid-Afrikaners gereeld daaraan herinner word: die mooi en die goeie bestaan ook hier." Imram Naidoo pleit op Facebook: " 'n Projek om mense bymekaar te bring (hoe onvolmaak dit ook mag wees), verdien ondersteuning. Jarette Petzer, ek hóú van die entoesiasme en die positiewe verhale. *#ImStaying* versprei die gees van *ubuntu*** wat ons as nasie nodig het. Wat egter 'n jammerte is," skryf hy, "is dat dit enigsins nodig was om so 'n groep te skep. Wat sê dit van ons as Suid-Afrikaners?"

8 In reaksie hierop sê Petzer: "Ja, die *#ImStaying*-inisiatief is beslis nie volmaak nie. Ons gaan verséker aan die begin foute maak en op mense se tone trap, maar ek dink ons slaag ten minste in ons doel om vir Suid-Afrikaners genoeg redes te gee waarom hulle twee keer behoort te dink voordat hulle hierdie mooi land vol geleenthede sommer wil verlaat. Ons veroordeel egter nie diegene wat kies om die land te verlaat nie, want die realiteit vir baie mense is dat daar elders beter geleenthede is."

9 Dit bly belangrik om aktief na redes vir optimisme te soek en dit wyd en syd bekend te maak. Dit beteken nie dat ons blind moet wees vir die groot uitdagings waarmee ons land gekonfronteer word nie, maar *#ImStaying* pleit: Veg saam met ons vir 'n blink toekoms, vir al ons mense. Hooploosheid gaan ons nêrens bring nie.

***tsoenami** – hoë, uitgestrekte getygolf/seegolf veroorsaak deur 'n aardbewing of ander steurnis onder die water
****ubuntu** – lewensingesteldheid van medemenslikheid, hulpvaardigheid en barmhartigheid


[Verwerk uit *Vrouekeur,* 22 November 2019 en https://maroelamedia.co.za/4/10/2019]

**EN**

## TEKS B: VISUELE TEKS

**<u>HIÉROOR</u> WIL SUID-AFRIKANERS BLY EN NIE GLY NIE**

**Gegrond op NOBG-navorsing – Julie 2019**




*** Verskillende kultuurgroepe**

**** Ondersteuningsnetwerk sluit familie, vriende, kollegas en werkgewers in**

[Verwerk uit *Grafika24: Netwerk24,* 4 Oktober 2019]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Herlees reël 1 en 2 van paragraaf 1.

Gee EEN woord wat 'n beeld skep van hoe swaar Suid-Afrika onder negatiewe uitsprake deurloop. Skryf nog 'n woord wat aandui dat ons land eintlik nie meer sulke uitsprake kan verduur nie. (2)

1.2 Die baie negatiewe uitsprake oor Suid-Afrika het emosionele gevolge vir landsburgers wat hulle dan noodsaak om 'n spesifieke besluit te neem.

Gee die TWEE emosionele gevolge asook die besluit wat landsburgers hiervolgens neem. (3)

1.3 Wat impliseer die skrywer met die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 2? (1)

1.4 Jarette Petzer is die stigter van die #*ImStaying*-Facebookgroep.

1.4.1 Noem kortliks wat hy met die stigting van hierdie groep beoog. (3)

1.4.2 Kan Petzer se groep kort na die stigting daarvan as suksesvol beskou word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.5 Herlees Thabo Selepe se plasing op die #*ImStaying*-Facebookblad in reëls 19 tot 21.

1.5.1 Hoe ondersteun sy plasing die benaderingswyse van hierdie blad? (1)

1.5.2 Watter negatiewe siening oor Suid-Afrika kan moontlik deur hierdie plasing verander? (1)

1.6 Gee 'n rede waarom Selepe se ervaring met die barmhartige Samaritaan (paragraaf 4) jou moontlik kan inspireer. (1)

1.7 Herlees die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 5.

1.7.1 Met watter woord in paragraaf 3 hou hierdie sinsdeel verband? (1)

1.7.2 Noem TWEE sienings wat die hooploses oor die land huldig. (2)

1.8 Kritici sê dat die #*ImStaying*-projek hulle nie beïndruk nie (paragraaf 5).

Watter resultate van die NOBG-navorsing bewys dat die #*ImStaying*-projek eintlik indrukwekkend is? (3)

1.9 Is die onderstreepte sin in paragraaf 7 funksioneel ten opsigte van die artikel se titel? Motiveer jou antwoord. (1)

1.10 Aan watter EEN van die negatiewe aspekte wat Mercy Kannemeyer noem, word direk deur die *#ImStaying*-projek aandag gegee? (1)

1.11 Gee TWEE redes waarom 'n leser kan sê dat Imram Naidoo bevooroordeeld in sy siening van die *#ImStaying*-projek is. (2)

1.12 Gee 'n gepaste antwoord op Naidoo se retoriese vraag in die laaste sin van paragraaf 7. (1)

1.13 Pessimiste moet maar pak en trek! Ons het nie julle tipe landsburgers in Suid-Afrika nodig nie.

Haal 'n sin uit paragraaf 8 aan wat sal verklaar waarom Jarette Petzer waarskynlik nie 'n plasing met hierdie strekking/boodskap op die *#ImStaying*-Facebookblad sou toelaat nie. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.14 Waarna verwys die onderstreepte woord in die opskrif van hierdie grafiek? (1)

1.15 Noem die bronne wat Grafika24 geraadpleeg het vir die saamstel van hierdie grafiek. (2)

1.16 Hoe help die sleutel van hierdie grafiek (gemerk A) die leser om die inligting te verstaan? (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.17 Hoe hou die aspek van medemenslikheid in TEKS B verband met die inhoud van paragraaf 4 in TEKS A? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE feite wat op Chappies-omhulsels voorkom om mense se algemene kennis uit te brei.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**70 JAAR SE GELUKKIGE GEKOU**

Lank voordat Google die agies se soeke na kennis kon stil, was kennis op 'n omhulsel van 5½ by 3½ cm beskikbaar. Al wat die nuuskierige moes doen, was om na die naaste winkel toe te stap en vier Chappies vir 'n sent te gaan koop. Jy wonder straks hoe word hierdie k(l)outjie by die oor gebring.

Die beskeie kougompie was amper nie met ons nie. Arthur Ginsburg, 'n werknemer by die lekkergoedfabriek Chapelat, moes met 'n nuwe produk vorendag kom toe Chapelat sy grootste kliënt verloor het. Ginsburg het kougom voorgestel en dit Chappies genoem, afgelei van fabrieksnaam Chapelat. So het dié eg Suid-Afrikaanse produk ontstaan.

Vra enigiemand ouer as 30 oor Chappies uit en jy sal baie stories hoor van grootword met hierdie kougom. Chappies word onthou as die kougom wat jou slim gemaak het omdat Ginsburg se aanslag om "Het-jy-geweet?"-feite aan die binnekant van die kougom se omhulsel aan te bring, 'n wenner onder die jonger geslag was. Tieners kon op die Chappie-omhulsel lees dat hulle aan nomofobie ly (die vrees om sonder selfoonkontak te wees).

Chappies was in suurlemoen-, lemoen- en aarbeigeur beskikbaar. Een van die feite op die omhulsel was dat 537 aarbeie meer vitamien C as dieselfde getal lemoene bevat. 'n Ander voedselfeit is dat macadamianeute giftig vir honde is. Terwyl die diereryk nou aan die beurt is met die Chappie-feite: Het jy geweet slakke kan 'n jaar lank hiberneer sonder om te eet? Dit wil mos voorkom asof die mens wil-wil hiberneer as jy die Chappie-feit glo dat mense 'n derde van hulle lewens omslaap!

Aanvanklik is die feite wat gebruik is, vanaf 'n vasvraprogram verkry. Een van die feite in enige vasvraprogram van daardie tyd (en natuurlik 'n Chappie-feit) was dat die enigste straat waarin twee Nobelpryswenners gewoon het, in Soweto is. Later het die Universiteit van die Witwatersrand 'n rol in die bymekaarmaak van die amper 6 000 Chappie-feite gespeel.

Later is Chapelat aan Cadbury verkoop, wat dit vandag steeds besit. Ek haal vinnig my Chappie se omhulsel af. Het jy geweet maande wat op 'n Sondag begin, sal altyd 'n Vrydag die dertiende hê?

[Verwerk uit *Die Burger Naweek*, 15 November 2019]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Verwerk uit https://taalmonument .co.za]

3.1 Skryf die sinoniem van die onderstreepte woord in reël 2 neer. (1)

3.2 Skryf die kern van die onderstreepte woord in reël 5 neer. Gebruik dié kern as 'n bepaler van 'n samestelling in 'n sin. (2)

3.3 Waarom is die gebruik van die vetgedrukte woord in reël 7 effektief in hierdie advertensie? (1)

3.4 Waarom word die dubbelpunt in reël 8 gebruik? Herskryf die sinsdeel in reël 8 en 9 en gebruik 'n ander gepaste leesteken in die plek van die dubbelpunt. (2)

3.5 Wat is die adverteerder se oogmerk met die insluiting van die onderstreepte woord in reël 11? (1)

3.6 Die piekniekgangers hoef nie oor die veiligheid van hul motors bekommerd te wees nie.

Motiveer waarom die stelling hierbo 'n feit is. (1)


3.7 Noem TWEE teikengroepe van hierdie advertensie. (2)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS E: STROKIESPRENT

**KINDERS EN HUL DINGE** ***Deur Bill Hinds***




[Verwerk uit https://gocomics.azcentral.com]

4.1 Wat is die betekenis van die voorvoegsel in die eerste woord wat in SPRAAKBORREL 1 onderstreep is? (1)

4.2 Gebruik die intensiewe vorm van **diep** (SPRAAKBORREL 1) in 'n sin van jou eie. (1)

4.3 Skryf die eienaam in SPRAAKBORREL 1 in die verkleining. Sê ook watter houding Melinda uitdruk met die verkleiningsvorm wat sy in SPRAAKBORREL 2 gebruik. (2)

4.4 Gert se taalgebruik in sin 1 van SPRAAKBORREL 3 is nie Standaardafrikaans nie.

Dink jy dat sy taalgebruik in hierdie SPRAAKBORREL funksioneel is? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

4.5 'n Spreker gebruik taal dikwels op so 'n manier dat hy/sy 'n ander persoon kan manipuleer.

Haal 'n woord uit die laaste sin in SPRAAKBORREL 3 aan om die stelling hierbo te staaf. (1)

4.6 Herskryf Melinda se woorde in SPRAAKBORREL 4 in die indirekte rede. (1)

4.7 Skryf die woord wat in SPRAAKBORREL 5 verkeerd gespel is, korrek oor. Gee die spelreël vir die korrekte skryfwyse van hierdie woord. (2)

4.8 Verander die woordorde wat in die onderstreepte sin van SPRAAKBORREL 6 voorkom sodat die tyd beklemtoon word. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F: ARTIKEL**

**TEL 'N TJEKBOEK NOG? NEE, NET GELOOF, HOOP EN LIEFDE!**

1 Dit is (5.2) (kan nie glo nie) dat hierdie jaar sowaar al sy laaste paar treë gaan gee.

2 In 'n uiters moeilike jaar vir ons Suid-Afrikaners moes ekonome (5.3) vure oor tjekrekeningbedrog (5.3) dood slaan en boere moes droogtes oorleef. Ek sluk aan die gal wat opstoot oor ander narighede en gemeenhede wat onbeheerbaar was.

3 Danksy baie aanlyn platforms is ons deesdae ingelig oor wat wêreldwyd aan't gebeur is. Ons word in volkleur en geur deur die donker kant van die lewe gebombardeer. Daagliks! En dit terwyl ons (5.4) skaars oogkontak maak met dié wat saam met ons lewe.

4 Ons strewe om gelukkig te wees voel soos 'n onmoontlikheid. (5.5) Ons verval in moedeloosheid en pessimisme. Die moeilikste deel van lewe is nie om die boosheid van elke dag te bowe te kom nie, dis om goeie en klein oomblikke van vreugde raak te sien en saam te string in 'n snoer sodat ons uiteindelik daarna kan kyk en dit kan herken vir wat dit is: Geluk!

5 Wat ons eintlik terughou, is die gebrek aan insig, 'n nagevolg van ons (5.6) hiperaktiewe lewe en ons onvermoë om die oomblikke wat ons beleef, werklik te lééf.

6 Mag ons tog hierby uitkom ... Mag ons mekaar raaksien en (5.7) waardeer/waardeur en vashou aan die geloof, hoop en liefde sodat ons in die klein oomblikke vreugde vind.

[Verwerk uit *rooi rose*, Desember 2019]

5.1 Skryf die affrikaat wat in die titel voorkom neer. (1)

5.2 Vervang die frase tussen hakies in paragraaf 1 met EEN woord. (1)

5.3 Herlees paragraaf 2 se onderstreepte woorde (vure ... dood slaan).

5.3.1 Wat word met hierdie uitdrukking binne konteks van die teks bedoel? (1)

5.3.2 Gebruik dié onderstreepte woorde letterlik in 'n verduidelikende sin. (1)

5.4 Watter woordsoort is die onderstreepte woord in paragraaf 3? Gebruik die onderstreepte woord nou as 'n byvoeglike naamwoord in 'n sin van jou eie. (2)

5.5 Brei die onderwerp van die onderstreepte sin in paragraaf 4 uit deur middel van 'n byvoeglike bysin. Skryf die sin met die byvoeglike bysin neer. (1)

5.6 Sê waarom die onderstreepte woord in paragraaf 5 'n kompleks is. (1)

5.7 Kies die korrekte woord (paragraaf 6) binne die konteks van die teks en skryf dit neer. Skryf dan 'n verklarende sin met die woord wat jy NIE gekies het NIE. (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## 2021

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

Die fokus is op die begrip van die leesstuk. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie, tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)

- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | "steier" ✓<br>"vuisvoos" ✓<br><br>*Die kandidaat bied hierdie woorde in die korrekte volgorde aan*. | 2 |
| 1.2 | (Dit laat hulle met 'n) hooploosheid. ✓<br>(Dit laat hulle) vasgevang(e) voel./vasgevangenheid ✓<br><br>Hulle gaan soek dan groener weivelde in die buiteland./besluit om te emigreer./ besluit om die land te verlaat. ✓ | 2<br><br><br>1 |
| 1.3 | Diegene voel dat emigrasie hul enigste uitweg is./daar niks in die land/Suid-Afrika is wat hulle hier hou nie./<br>Gesprekke oor emigrasie oorheers mense se gedagtegange./<br>Mense mors tyd om oor emigrasie te gesels. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke geïmpliseerde betekenis aan.* | 1 |
| 1.4.1 | Hy beoog om die mense wat positief oor Suid-Afrika voel, as 'n groep saam te snoer./<br>Hy wil 'n platform skep waar negatiewe menings oor Suid-Afrika verander kan word./<br>Hy hoop dat hierdie projek 'n gevoel van lojaliteit teenoor Suid-Afrika sal laat posvat./<br>Hy vertrou dat hierdie projek vir (die burgers van) Suid-Afrika 'n gevoel van hoop sal bring./<br>Hy wil pessimiste deur ander se positiewe ervarings inspireer om ook positief te raak./<br>Hy hoop dat diegene wat wil emigreer, eerder sal besluit om te bly. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.4.2 | Ja, die projek het binne 'n maand byna 'n halfmiljoen plasings op die groep se Facebookblad gehad. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 1.5.1 | Hy inspireer die lesers./rapporteer positief oor 'n negatiewe ervaring./Hy wil mense laat glo dat verandering teweeg gebring kan word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.5.2 | Mense van verskillende rasse/kulture reik nie na mekaar uit nie./help mekaar nie in tye van nood nie./Suid-Afrika is 'n gevaarlike plek as jy iewers tussen niks en nêrens gaan staan./Suid-Afrika het nie barmhartige Samaritane/mense om jou te help/mense wat hulle oor dié in nood ontferm nie.✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.6 | As ons saamstaan, kan Suid-Afrika 'n land vol hoopvolles word./ Die barmhartige Samaritaan het my geïnspireer om in ongewone omstandighede mense te hulp te snel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.7.1 | "pessimiste" ✓ | 1 |
| 1.7.2 | Daar is geen hoop vir 'n positiewe toekoms in Suid-Afrika nie./<br>Suid-Afrika is 'n land wat met ernstige probleme worstel./<br>As jy 'n beter lewe verlang, moet jy emigreer./wegvlug./<br>Daar wag rampspoed op Suid-Afrika./<br>Pogings (van ekonome) om die land reg te ruk is onindrukwekkend. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.8 | Die #*Imstaying*-Facebookblad toon tans die grootste toename in ledetalle onder Suid-Afrikaanse Facebookgroepe./<br>Hierdie Facebookblad het 5,16 keer meer lede as die 94 700 sitplekke van Soccer City./<br>Die ondersteuners van hierdie projek sou die 5de grootste politieke party in Suid-Afrika kon vorm (indien die ledetalle in ag geneem word)./<br>#*Imstaying* se "bevolkingsgetalle" sou dit die 175ste grootste "land" in die wêreld maak. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE van bogenoemde antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.9 | Ja, dit slaag daarin om die leser te laat besef dat die #Imstaying se impak net so sterk/kragtig was soos die impak wat 'n tsoenami op die omgewing het./<br>Ja, die impak van die statistiek (waarna verwys word), word met die oorweldigende effek van 'n tsoenami vergelyk./<br>Die funksionaliteit is daarin geleë dat die beeldspraak ("... soos 'n storm getref ...") die term "... tsoenami ..." in die opskrif verklaar./ondersteun. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet na beide dele van die vraag verwys.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.10 | Die kwessie van verdeeldheid/onenigheid. ✓ | 1 |
| 1.11 | Hy wys daarop dat hierdie projek onvolmaak is.<br>Hy wys dat dit jammer is dat dinge (die gebrek aan omgee/om die goeie en die mooie raak te sien) so ver moes gaan om so 'n groep te regverdig. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.12 | Suid-Afrikaners is verdeeld oor hulle land./<br>Suid-Afrikaners wil nie die positiewe in Suid-Afrika (genoeg) ondersteun nie./<br>'n Gees van *ubuntu* ontbreek onder Suid-Afrikaners. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord binne konteks vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.13 | "Ons veroordeel egter nie diegene wat kies om die land te verlaat nie, want die realiteit vir baie mense is dat daar elders beter geleenthede is." ✓<br><br>*Die kandidaat moet die volledige sin aanbied*. | 1 |
| 1.14 | Dit verwys na die redes waarom Suid-Afrikaners verkies om eerder in Suid-Afrika te bly (as om te emigreer). ✓<br><br>*Indien die kandidaat na die aspekte soos "diversiteit, ondersteuningsnetwerk, medemenslikheid en natuurskoon" verwys, moet al hierdie aspekte in die antwoord voorkom om EEN punt te verdien.* | 1 |
| 1.15 | www.redesomtebly.co.za/<br>www.uitentuis.com/<br>NOBG-navorsing ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.16 | Die verskillende skakerings by die navorsingsbronne stem ooreen met die verskillende skakerings van die staafgrafieke sodat die leser kan bepaal watter statistiek by watter navorsingsbron hoort. ✓ | 1 |
| 1.17 | Paragraaf 4, Teks A, se inhoud verwys na "deur 'n wildvreemde barmhartige Samaritaan gehelp."/"Hulle reik na mekaar uit."/"My herstel is te danke aan Frans Moheilwa, 'n motorwag van Krugersdorp, wat my vrou spontaan gehelp het ..." wat aansluit by die aspek van medemenslikheid in Teks B./<br>In paragraaf 4 van Teks A word voorbeelde van medemenslikheid aangebied, terwyl medemenslikheid (persentasiegewys) in Teks B hoog aangeslaan word. ✓<br><br>*Die kandidaat se antwoord moet na beide tekste* verwys. | 1 |
| | **TOTAAL: AFDELING A** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde, skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

| |
|---|
| Nomofobie is die vrees om sonder 'n selfoonkontak te wees en 537 aarbeie bevat meer vitamien C as dieselfde getal lemoene. Macadamianeute is giftig vir honde terwyl slakke vir 'n jaar sonder kos kan gaan as hulle hiberneer. Die mens slaap 'n derde van sy lewe om. Soweto is voorts die enigste plek in die wêreld met 'n straat waarin twee Nobelpryswenners gewoon het. Gewoonlik sal daar 'n Vrydag die dertiende wees as die maand op 'n Sondag begin. 80 woorde |

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *"… nomofobie … (die vrees om sonder selfoonkontak te wees)."* | A | Nomofobie is die vrees om sonder selfoon-kontak te wees. |
| 2 | *"... 537 aarbeie meer vitamien C as dieselfde getal lemoene bevat."* | B | 537 aarbeie bevat meer vitamien C as dieselfde getal lemoene. |
| 3 | *"… macadamianeute giftig vir honde is."* | C | Macadamianeute kan honde vergiftig. |
| 4 | *"… slakke kan 'n jaar lank hiberneer sonder om te eet."* | D | Slakke kan tydens hibernasie vir 'n jaar sonder kos bly. |
| 5 | *"… mense 'n derde van hulle lewens omslaap!"* | E | 'n Derde van die mens se lewe word omgeslaap. |
| 6 | *"… die enigste straat waarin twee Nobel-pryswenners gewoon het, in Soweto is."* | F | Soweto is die enigste plek met 'n straat waarin twee Nobelpryswenners gewoon het. |
| 7 | *"… maande wat op 'n Sondag begin, sal altyd 'n Vrydag die dertiende hê?"* | G | Daar sal altyd 'n Vrydag die dertiende wees as die maand op 'n Sondag begin. |
| | | | **Getal woorde: 82** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Pret/lekkerte/aangenaamheid/genot/vreugde ✓<br><br>*Enige gepaste sinoniem wat binne die raamwerk van 'n informele (gesins-)piekniek pas, kan hier oorweeg word.* | 1 |
| 3.2 | Piekniek ✓<br><br>**EN**<br><br>'n Gesogte piekniekplek is ongetwyfeld Die Willows in Port Elizabeth. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met "piekniek" as bepaler aan.*<br>*Die woord hoef nie in die sin onderstreep te wees nie.* | 1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.3 | Dit skep 'n verwagting by die teikenleser oor 'n herhaling van die volmaanpiekniek./Dit maak die teikenlesers opgewonde oor die feit dat die piekniek nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4 | Dit dui aan wanneer die piekniek (in 2021) gaan plaasvind./Daar volg 'n verklaring van wanneer die piekniek gaan plaasvind. ✓<br><br>… maar sonder die man met die rooi mus – 11, 12, 13 Januarie. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie "beklemtoon" in die antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 3.5 | Die adverteerder wil die gehoor daarvan oortuig dat die musiek hul emosies sal aanvuur/aanraak./<br>Dit hef die gehalte/kwaliteit van die musiek uit. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.6 | Karwagte pas jou motor op./<br>Die organiseerders het veiligheidsmaatreëls soos karwagte getref./<br>Daar is voldoende parkering beskikbaar. ✓ | 1 |
| 3.7 | Ouers met klein kinders (wat nog aan Kersvader glo)./<br>Mense wat daarvan hou om piekniek te hou./na mooi musiek te luister./<br>Diereliefhebbers/<br>Natuurliefhebbers/<br>Kultuurliefhebbers ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **10** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | verkeerde ✓ | 1 |
| 4.2 | Die man staan kniediep in die water./<br>Julle gaan kniediep in die sop wees. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met "kniediep" aan.*<br>*Die woord "kniediep" moet korrek gespel wees.* | 1 |
| 4.3 | Melindatjie ✓<br>(leed-)vermakerig/spottend/sarkasties/vernederend/minagtend/verkleinerend/ baasspelerig ✓ | 1<br><br>1 |
| 4.4. | Ja.<br>Die gemengde taalgebruik is tiperend van die manier waarop kinders met mekaar praat./<br>Die gemengde taalgebruik is in ooreenstemming met die ouderdom van die kinders wat in gesprek is.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Die gemengde taalgebruik dra nie by om die trefkrag van Gert se ultimatum te versterk nie./<br>Daar is meer gebruikersvriendelike Afrikaanse woorde wat gebruik kan word om betekenis oor te dra. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke motivering vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.5 | "miskien"/"dalk"/"tog" ✓ | 1 |
| 4.6 | Melinda sê moedeloos/merk moedeloos op/sê teleurgesteld dat dit nie vir haar lyk of sy en Palesa veel van 'n keuse in hierdie saak het nie./<br>Melinda het moedeloos gesê/opgemerk/teleurgesteld gesê dat dit nie vir haar gelyk het of sy en Palesa veel van 'n keuse in daardie saak gehad het/sou hê nie. ✓<br><br>*Die kandidaat moet die volledige sin in die indirekte rede oorskryf.* | 1 |
| 4.7 | kwartaaltoets ✓<br><br>Samestellings word as een woord geskryf. ✓ | 1<br><br>1 |
| 4.8 | Ons moet **vandag** deeglik hieroor besin./<br>Ons moet **vandag** hieroor deeglik besin./<br>**Vandag** moet ons deeglik hieroor besin. ✓ | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | tj/<br>tjekboek ✓<br><br>*Indien die kandidaat die woord neerskryf, MOET die "tj" onderstreep wees.* | 1 |
| 5.2 | ongelooflik ✓ | 1 |
| 5.3.1 | Dit beteken om skinderstories te probeer keer voordat dit as die waarheid beskou word./Dit beteken om die gemoedere te kalmeer./om skadebeheer toe te pas./om skade ongedaan te maak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.3.2 | Die brandweer moet die vuur doodslaan om te keer dat die brand versprei./Tydens die bosbrand het die brandweer hard gepoog om met seile die vure dood te slaan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.4 | skaars: bywoord (van wyse/modaliteit) ✓<br><br>**EN**<br><br>Die skaars muntstuk is vir duisende rande opgeveil./Die muntstuk is skaars en sal 'n versamelstuk word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin aan met "skaars" as 'n byvoeglike naamwoord.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.5 | Ons **wat die land se belange op die hart dra,** verval in moedeloosheid en pessimisme. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke byvoeglike bysin as antwoord aan.* | 1 |
| 5.6 | Die woord bestaan (in sy afgeleide vorm) uit 'n voorvoegsel/**hiper**- plus 'n stam/**aktief** plus 'n agtervoegsel/**-e**. ✓ | 1 |
| 5.7 | Waardeer ✓<br><br>Die driffie **waardeur** ek stap, het ruwe klippe wat jou voete seermaak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin met "waardeur" aan.*<br>*HAT:* ***waardeur*** *vnw. Ook* **waardeur** deur watter ding; op watter wyse: *die gat waardeur die jakkals gekruip het.* Waardeur het jy jou agting verwerf? | 1<br><br>1 |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |